

18 April

Skrifgedeelte: Jakobus 1

Fokusgedeelte: Jakobus 1:19-27

Woede – waar kom dit vandaan?

Hoe?

Daar is verskillende wyses waarop mense hulle woede toon. Sommige sal fisiese geweld begin gebruik, terwyl iemand anders sal begin vloek, verwyf en raas of sarkasties begin word. 'n Ander een sal weer toeskulp, hom terugtrek en niks sê nie, maar binne-in kook die woede. Of hy sal selfbejammering toepas: "Ek is in elk geval niks werd nie." Daar is ook dié wat uiterlike skyn baie goed kan handhaaf. Jy sal dink 'n bepaalde gebeurtenis raak daardie persoon glad nie. Tog is daar onder die oppervlak 'n geweldige woede en bitterheid en iewers gaan dit tot uiting kom in verwyf of iets anders.

Hoekom?

Waar kom woede vandaan, waardeur word dit veroorsaak? Die Here sê in Jakobus 1:19 dat ons maar te gewillig moet wees om te luister, nie te gou te praat nie, nie te gou kwaad te word nie. Woede kom uit onwilligheid om na 'n ander te luister. Hoekom wil jy nie na 'n ander se standpunt luister nie? Is dit omdat jy so oortuig is jy alleen reg is en nie verstaan dat ander so onnosel is om dit nie in te sien nie? Dit kan wel 'n rede wees, maar in verreweg die meeste gevalle lê die oorsaak van woede in onsekerheid. Iemand wat onseker, bedreig en minderwaardig voel, moet hom op 'n manier verdedig. Woede is een manier om 'n muur om jou te bou, jou te verskans teen ander mense. As ek woedend word, hoef ek nie meer na ander te luister nie, hoef ek my nie te verantwoord oor my standpunt of dade nie. Woede is derhalwe baiekeer die uitvlug vir iemand wat klein, bang en onseker voel. Ek is nie seker dat ek my kan handhaaf nie; daarom verval ek in die gewoonte om kwaad te word. Woede laat my weer sterk voel. As ek van iemand kwaadsprek of hom op een of ander manier terugkry vir die seer wat hy aan my gedoen het, voel ek, ek het sy lewe op daardie oomblik beheer.

Gevolge

Wanneer ek woede kies as 'n oplossing vir krisissituasies, glo ek in my hart dat woede my helper is. Ek maak my wys dat ek weer in beheer van die situasie kom deur woede. Die teendeel is egter waar, want ek verloor beheer en ek verloor die mense rondom my. Hulle sal dalk uit vrees toegee en my my sin gee, maar in hulle harte onttrek hulle hul aan my. Woede staan teenoor die liefde wat God van ons vra. Iemand wat volhard om sy woede as sy afgod te dien, se godsdiens is waardeloos. Hy bring daarom ook verwydering tussen hom en God. Hy wil nie aan God die beheer oor sy lewe gee nie, maar wil deur woede self in beheer bly. Wie deur woede in beheer bly, verloor uiteindelik totaal beheer oor sy lewe. 'n Ouer wat sy kind kleintyd deur woede beheer, moet soms in die tienertyd magteloos toekyk hoe daardie kind hom losmaak van sy ouers. Die kind breek die emosionele en liefdesband met die ouer sodat daar geen ware kontak is nie. Die ouer het dan ook geen ware invloed meer nie. Menige huwelik wat op woede en vrees gebou is, verbrokkel en jy is alle beheer kwyt. Dit is dus 'n leuen van Satan dat jy in beheer kom deur woede. Bou jy jou lewe op hierdie leuen?

Dr G Breed (Randburg)